Tem stinkbesies met die Makadamia-kombinasiepak

Suid-Afrika se makadamiabedryf het 'n wêreldklas reputasie opgebou vir die produksie van die beste neute ter wêreld. Tog staan produsente elke seisoen voor 'n onverbiddelike uitdaging wat winsgewendheid stilweg kan ondermyn lank voordat die eerste neute geoes word: stinkbesies. Onder die komplekse groep spesies wat in boorde voorkom, bly die tweekolstinkbesie *(Bathycoelia distincta)* en kokosneutbesie *(Pseudotheraptus wayi)* twee van die ekonomies belangrikste plae waarmee produsente vandag te doen het.

'n Gesonde boord, uitstekende blom en sterk neutset beteken min indien stinkbesies kans kry om momentum op te bou. Al hoe meer produsente besef dat moderne plaagbeheer nie daaroor gaan om op skade te reageer nie, maar om een tree voor die plaag te bly.

Hardnekkige uitdagings vereis nuwe benaderings

Navorsing deur dr. Schalk Schoeman het getoon dat stinkbesie-aktiwiteit hoofsaaklik in die boonste deel van die boomkroon voorkom. In die geval van kokosneutbesies is gevind dat voedingskade betekenisvol hoër was in neute wat uit die boonste derde van die boom versamel is, in vergelyking met neute uit die onderste derde.

Baie makadamiaboorde produseer 'n groot gedeelte van hul oes in die boonste 30% van die boomkroon waar ligpenetrasie optimaal is. Ironies genoeg is dit presies waar stinkbesies verkies om te voed.

Vir jare het baie produsente staat gemaak op grondtoegediende sistemiese insekdoders en blaartoegediende kontakprodukte as deel van hul stinkbesiebeheerprogramme. Hoewel hierdie produkte steeds 'n belangrike rol speel, is grondtoedienings afhanklik van wortelopname en die daaropvolgende beweging van die aktiewe bestanddeel deur die boom voordat dit die boomkroon bereik. Hierdie proses neem tyd. Stinkbesies wag egter nie. Terwyl 'n grondtoediening nog besig is om opwaarts deur die boom te beweeg, kan stinkbesies reeds in die boonste kroon voed en skade aanrig.

Dit is juis hier waar die Makadamia-kombinasiepak, wat Samurai® 20 SC en Sumi-Alpha® 200 EW kombineer, 'n praktiese voordeel bied.

Die krag van 'n bewese kombinasie

Samurai® 20 SC en Sumi-Alpha 200 EW is ontwikkel deur Sumitomo Chemicals en word deur Philagro Suid-Afrika bemark. Samurai® 20 SC bevat klotianidien (200 g/L), 'n sistemiese neonikotinoïed-insekdoder met translaminêre en plantmobiele eienskappe. Wanneer dit as 'n blaarbespuiting toegedien word, word die aktiewe bestanddeel direk geplaas waar stinkbesies leef en voed – in die boomkroon. Dit beteken dat die produk onmiddellik in die teikenarea beskikbaar is sonder om eers deur die wortels opgeneem te word.

Aanvullend tot hierdie wenresep is Sumi-Alpha 200 EW wat esfenvaleraat (200 g/L) bevat. Dit is 'n hoëgehalte-piretroïed wat in hierdie kombinasie 'n bydrae deur 'n uitklopaksie lewer aan enige plaag waaraan die gewas blootgestel is. Vir vandag se produsent gaan dit oor spoed, akkuraatheid en doelgerigte plaagbeheer. Deur hierdie aktiewe bestanddele direk in die blaarkroon te plaas waar die plaag voorkom, word die wagtyd tussen toediening en beheer van die plaag aansienlik verkort.

Die Makadamia-kombinasiepak bevat Samurai® 20 SC wat geregistreer is teen 5 ml per 100 L water, in 'n tenkmengsel met Sumi-Alpha® 200 EW teen slegs 2 ml per 100 L water met 'n gekombineerde vooroes-wagtydperk van slegs 56 dae! Hierdie lae dosisvereistes kan die program besonder koste-effektief maak in vergelyking met sommige alternatiewe

Johan Marais
Produkbestuurder biorasionele produkte, Philagro

behandelings, terwyl die kort onthoudingsperiode 'n boer meer buigsaamheid kan gee met bespuitings gedurende die seisoen.

Hoewel spuittyd altyd deur monitering en plaagwaarnemings ondersteun behoort te word, begin toedienings tipies gedurende November opgevolg in Desember, óf Desember opgevolg in Januarie. Die produk is geregistreer vir twee opeenvolgende toedienings met ongeveer vier weke tussen behandelings.

Dekking bly die sleutel tot sukses

Geen produk kan beheer wat dit nie bereik nie. Navorsing toon duidelik dat stinkbesies in die boonste gedeelte van die boom voorkom. Daarom behoort produsente gereeld hul spuittoerusting en spuitvolume te evalueer om seker te maak dat die boonste derde van die boom voldoende bedek word. Die vraag behoort nie te wees: "Hoeveel water moet ek spuit?" nie. Die vraag behoort te wees: "Bereik die spuitnewel die teiken?" Wanneer uitstekende dekking gekombineer word met die sistemiese werking van Samurai® 20 SC en die uitklopaksie van Sumi-Alpha® 200 EW, word die potensiaal van die program optimaal benut.

Rentmeesterskap maak saak

Volhoubare boerderye vereis verantwoordelike produkgebruik. Klotianidien en esfenvaleraat is albei giftig vir heuningbye. Toedienings moet daarom slegs ná blom plaasvind wanneer bye nie meer aktief is nie en wanneer geen onkruide blom in of rondom die boord nie. Produsente word verder aangemoedig om die CropLife SA Bestuiwer-rentmeesterskapprogram te volg en alle etiketaanbevelings na te kom.

Die voorsprong vir vandag se produsent

Die moderne makadamiabedryf vereis meer as bloot goeie produkte. Dit vereis beter besluite, beter tydsberekening en beter uitvoering. Die Makadamia-kombinasiepak bied produsente 'n moderne benadering tot stinkbesiebeheer deur sistemiese en kontakwerking te kombineer in 'n program wat direk in die boomkroon geplaas word waar die plaag voorkom.

Want wanneer dit by stinkbesies kom, word sukses nie gemeet aan hoeveel gespuit word nie, dit word gemeet aan hoe vinnig, hoe akkuraat en hoe effektief die oplossing die teiken bereik.



Philagro Neutprodukte

CropLife Suid-Afrika Bestuiwer-rentmeesterskapprogram QR-kode.

LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK. | SAMURAI® 20 SC | Reg. nr. L10384, Wet nr. 36 van 1947 | Klotianidien (Neonikotinoïed) (200 g/L) | GEVAAR | Vermoede dat dit vrugbaarheid of die ongebore kind beskadig. | Veroorsaak skade aan organe (Sentrale senuweestelsel). | Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge. SUMI-ALPHA® 200 EW | Reg. nr. L8821, Wet nr. 36 van 1947 | Esfenvaleraat (Piretroïed) (200 g/L) | GEVAAR | Brandbare vloeistof. | Skadelik indien ingesluk of ingeasem. | Veroorsaak velirritasie, ernstige oogirritasie en/of skade aan organe. | Mag allergiese velreaksie veroorsaak. | Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

Philagro SA (Edms) Bpk. | Reg. nr. 1998/010658/07 | Postnet Suite #378, Privaat sak X025, Lynnwoodrif, 0040 | Tel: 012 348 8808.